


Graan SA Weeklikse Oliesade Mark Kommentaar

|  | DATUM | | DATUM | | + - WEEK GELEDE | | + - MAAND GELEDE | | + - JAAR GELEDE | |
|--|------------|----------------|------------|------------|--|------------|------------------|---------|-----------------|--------|
| | 2018/06/18 | | 2018/06/15 | | 2018/06/11 | | 2018/05/21 | | 2017/06/19 | |
| | Data | Δ | Δ% | Data | Δ% | Data | Δ% | Data | Δ% | Data |
| Brent (\$/b) | 76.33 | -0.18 | -0.2% | 76.51 | 0.0% | 76.33 | -3.9% | 79.44 | 61.8% | 47.18 |
| US\$: ? ZAR | 13.39 | -0.020 | -0.1% | 13.41 | 2.9% | 13.01 | 6.0% | 12.63 | 3.2% | 12.97 |
| ΔCBOT 8vm : 12nm* | R 1 905.07 | -8 | -0.4% | R 1 913.19 | *CBOT Jul cents / bushel + -08 : 00 today vs CBOT Corn Jul + -12 : 00 the previous day | | | | | |
| ΔCBOT 8vm : 12nm* | R 2 457.04 | -26 | -1.1% | R 2 483.38 | *CBOT Jul cents / bushel + -08:00 today vs. CBOT Wheat Jul + -12 : 00 the previous day | | | | | |
| ΔCBOT 8vm : 12nm* | R 4 454.55 | -75 | -1.6% | R 4 529.20 | *CBOT Jul cents / bushel + -08 : 00 today vs. CBOT Soy Jul + -12 : 00 the previous day | | | | | |
| Jongste CBOT pryse tydens oornagverhandeling (Aangeteken tussen 06:00 - 07:00 vm teenoor 12:00 vm die vorige verhandelingsdag) | | | | | | | | | | |
| Corn Jul '18 | 361.40 | -1.00 | -0.3% | 362.40 | -4% | 377.60 | -10% | 402.75 | -12% | 413.00 |
| Wheat Jul '18 | 499.40 | -4.60 | -0.9% | 504.00 | -4% | 520.00 | -2% | 507.25 | -7% | 537.00 |
| Soybean Jul '18 | 905.40 | -13.80 | -1.5% | 919.20 | -7% | 969.20 | -12% | 1025.25 | -7% | 972.00 |
| Jongste MTM-pryse (Aangeteken om 12:00 die vorige verhandelingsdag SPOT = naaste kontrakmaand (Rand/ton)) | | | | | | | | | | |
| SORGHUM Jul '18 | 3110.00 | 40 | 1.3% | 3070.00 | 1.3% | 3070.00 | 0.2% | 3103.00 | 15.2% | 2700 |
| WMAZ SPOT | 2045.00 | -20 | -1.0% | 2065.00 | -1.9% | 2084.00 | -4.6% | 2143.00 | 18.3% | 1728 |
| WMAZ Jul '18 | 2052.00 | -24 | -1.2% | 2076.00 | -2.0% | 2094.00 | -5.5% | 2171.00 | 2.1% | 2010 |
| YMAZ SPOT | 2142.00 | -23 | -1.1% | 2165.00 | -1.6% | 2177.00 | -4.2% | 2235.00 | 15.5% | 1854 |
| YMAZ Jul '18 | 2166.00 | -25 | -1.1% | 2191.00 | -1.7% | 2204.00 | -4.7% | 2272.00 | 2.4% | 2115 |
| SOY 50 SPOT | 4355.00 | -16 | -0.4% | 4371.00 | -1.6% | 4427.00 | -4.9% | 4580.00 | -4.1% | 4543 |
| SOY Jul '18 | 4391.00 | -16 | -0.4% | 4407.00 | -1.9% | 4478.00 | -5.5% | 4645.00 | -4.0% | 4575 |
| SUN SPOT | 4598.00 | -1 | 0.0% | 4599.00 | -1.2% | 4656.00 | -0.3% | 4612.00 | 1.7% | 4522 |
| SUN Jul '18 | 4623.00 | -3 | -0.1% | 4626.00 | -1.3% | 4683.00 | -1.7% | 4702.00 | 1.3% | 4564 |
| WHEAT Spot | 3948.00 | 28 | 0.7% | 3920.00 | 2.6% | 3848.00 | 1.8% | 3877.00 | -12.4% | 4505 |
| WHEAT Jul '18 | 3976.00 | 16 | 0.4% | 3960.00 | 1.7% | 3909.00 | 0.9% | 3940.00 | -10.7% | 4453 |
| OLIESADE (US\$/ton) | 2018/06/15 | Bron: Oilworld | | | 2018/06/08 | 2017/11/13 | 2016/12/12 | | | |
| Soya-oil, Arg. | 685 | | | | 0.7% | 680 | -11% | 769 | 1% | 676 |
| Soya-pell, Arg. | 379 | | | | -4.8% | 398 | 12% | 339 | 3% | 368 |
| Soybean, Brazil | 407 | | | | -4.2% | 425 | -1% | 410 | -1% | 410 |
| USA Runner 40/50 | 1360 | | | | 0.0% | 1360 | -15% | 1600 | 5% | 1300 |
| Sun-oil, Arg. | 720 | | | | 0.0% | 720 | -5% | 755 | -10% | 800 |
| Sun-oil, Black Sea | 733 | | | | -0.3% | 735 | -2% | 750 | -2% | 750 |
| Sunseed,Black Sea | 390 | | | | 0.0% | 390 | -3% | 400 | -5% | 409 |
| Rapeseed, EU cif | 405 | | | | -2.2% | 414 | -5% | 425 | 2% | 399 |
| Palmk oil Mal, EU | 845 | | | | 0.6% | 840 | -43% | 1470 | -19% | 1037 |

JONGSTE MARK INLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY VAN VERSKEIE MARKVERSLAE

Soybeans: Die Amerikaanse sojaboon mark het verlede week hoofsaaklik onder druk gekom en het nuwe kontrak laagtepunte bereik gedurende die week. Die mark was hoofsaaklik onder druk met groot fonds bestuurders wat baie kontrakte verkoop het. Die weerstoestand in die grootste produksie gebiede in die VSA is tans gunstig vir die produksie wat die verwagting vir goeie opbrengste hierdie seisoen ondersteun. Die verwagting vir die 2018/19 seisoen, wat September begin, is dat die sojaboon voorrade weer aansienlik behoort toe te neem alhoewel die eerste helfte van die seisoen se voorrade beperk behoort te wees. Die verwagting vir die toename in die voorrade vir die komende seisoen is dat die Suid Amerikaanse produksie vir die seisoen aansienlik behoort toe te neem. Die verwagting is dat beide Argentinië en Brasilië meer sojabone behoort te plant wat die produksie sal ondersteun indien die weersomstandighede normaal is. Die verwagting is ook dat die verwerking van sojabone steeds sal toeneem in die komende seisoen. Die sojaboon verwerking het goeie groei getoon oor die afgelope paar jaar en dus het dit veroorsaak dat die groeiende produksie nie ontaard het in baie groot akkumulering van wêreld voorrade nie.

Plaaslik: Die plaaslike sojaboonmark het verlede week onder druk gekom en het laer gesluit vir die week. Die mark was wisselvallig met die wisselvallige wisselkoers, maar die internasionale pryse vir die week wat meestal onder druk was het ook druk op die plaaslike pryse geplaas. Die plaaslike sojaboonpryse is tans baie naby aan die uitvoerpariteitsprys in vergelyking met die VSA as oorsprong.

Sonneblomsaad: Die verwagting vir die wêreld sonneblomsaad produksie vir die 2018/19 seisoen is dat dit effens laer behoort te wees as wat die aanvanklike verwagting was en dit is ook laer aangepas vanaf verlede maand se skatting. Die totale produksie vir die seisoen word op 50.4 miljoen ton geskat wat steeds teen 'n nuwe hoogtepunt is. Die produksie verwagtinge in die CIS lande is onveranderd gelaat vanaf die vorige skatting en die verwagting is steeds dat die produksie in die Oekraïne en Rusland gunstig behoort te wees vir die seisoen. Die verwagting vir die sonneblomsaad olie is ook dat dit effens hoër behoort te wees in die 2018/19 seisoen hoofsaaklik as gevolg van die groter verwagte verwerking van sonneblomsaad hierdie seisoen. **Plaaslik:** Die plaaslike sonneblomsaad mark het ook verlede week effens laer gesluit vir die week.

Kanola: Die weerstoestand in van die grootste produserende lande soos die EU, CIS lande en Australië is besig om druk te plaas op die wêreld kanola en raapsaad produksie en dit kanselleer die goeie produksie toestande in Kanada uit. Die verwagte wêreld produksie vir die seisoen is laer aangepas vanaf die vorige skatting wat 'n maand gelede gedoen was. **Plaaslik:** In die plaaslike mark is die aanplantings van kanola meestal voltooi. Alhoewel daar reeds goeie reën oor groot gedeeltes van die Weskaap geval het is dit steeds noodsaaklik dat daar goeie reën in die produksiegebiede moet voorkom deur die res van die seisoen aangesien die grondvog in die Weskaap se produksie gebiede baie laag is.

Grondbone: Die nuwe seisoen aanplantings in die VSA was verlede week op 91% voltooi gerapporteer terwyl die produksie toestande op 60% goed tot uitstekend geskat was. Die vraag van plaaslike sojaboon verwerkers in die VSA is ook steeds nie groot nie en die ou seisoen voorrade skuif stadig. In Argentinië is die produksie toestande moeilik wat 'n negatiewe impak op die kwaliteit van die seisoen se produksie sal hê, alhoewel die kwaliteitsprobleme nog nie teen hierdie tyd van die seisoen bepaal kan word nie. **Plaaslik:** Plaaslik was die ook 'n moeilike seisoen vir grondboonproduksie en die produksie vir die seisoen is heelwat laer as wat aanvanklik verwag was. Daar is ook heelwat kwaliteitsprobleme hierdie seisoen met die plaaslike produksie.

Vir enige navrae, kontak asb: Luan van der Walt, E-pos: luan@grainsa.co.za